# RPO Markverslag

## Week 21 van 2026

Week geëindig op 22 Mei 2026






**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 22 Mei 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Speenkalf (R/kg) | R42.02 | 0.3% | -2.4% | 18.3% |
| A2 (R/kg) | R62.24 | 0.6% | 2.4% | -9.7% |
| B2 (R/kg) | R58.47 | 1.8% | 3.1% | 4.5% |
| C2 (R/kg) | R56.97 | -0.1% | 0.4% | 7.1% |

# Speenkalwers

Die speenkalfprys het in Week 21 redeliks sywaarts verhandel teenoor die vorige week en is tans 18.3% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die verwagting is dat die prys moontlik kan daal in Junie en vanaf Julie ‘n stygende tendens begin volg. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die speenkalfprys in Junie ongeveer R42/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R39/kg en nie hoër as R46/kg behoort te wees nie.




# A2 Beeskarkasse

Die gemiddelde A2 karkasprys het in Week 21 met 0.6% gestyg teenoor die vorige week en is tans 9.7% laer as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod op karkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys effens kan styg tot in Junie en moontlik in Julie kan daal. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Junie ongeveer R61/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R55/kg en nie hoër as R69/kg behoort te wees nie.

RMIS UFS

*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*

RPO

# RPO Markverslag

## Week 21 van 2026


Week geëindig op 22 Mei 2026




**Let Wel:** Hierdie is historiese pryse tot op 22 Mei 2026 en `n gemoduleerde voorspelling van toekomstige pryse. Dit is nie `n weergawe van die huidige markpryse nie.

| Klas | Prys | Week/Week | Maand/Maand | Jaar/Jaar |
|---|---|---|---|---|
| Stoorlam (R/kg) | R51.57 | -0.8% | 1.4% | 8.0% |
| A2 (R/kg) | R110.57 | 1.6% | 12.0% | 7.1% |
| B2 (R/kg) | R77.58 | 2.0% | 3.4% | 5.8% |
| C2 (R/kg) | R79.86 | 2.6% | 5.6% | 15.1% |


## Stoorlammers




Die stoorlamprys het in Week 21 met 0.8% gedaal teenoor die vorige week en is tans 8% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die daling in die prys kan toegeskryf word aan ‘n hoër aanbod van lammers tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n moontlike stygende tendens kan volhou tot in Junie soos die aanbod verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die stoorlamprys in Junie ongeveer R53/kg te wees, terwyl dit nie laer as R48/kg en nie hoër as R57/kg behoort te wees nie.

## A2 Lamkarkasse

Die A2 lamkarkasprys het in Week 21 met 1.6% gestyg teenoor die vorige week en is 7.1% hoër as dieselfde periode ‘n jaar gelede. Die styging in die prys kan toegeskryf word aan ‘n volgehoue laer aanbod op lamkarkasse tans in die mark. Die verwagting is dat die prys ‘n stygende tendens kan volhou tot in Augustus soos die aanbod op karkassse verminder tydens die winter. Volgens ’n 95% sekerheid voorspelling, gebaseer op die afgelope 17 jaar se historiese data, behoort die A2 karkasprys in Junie ongeveer R103/kg te wees, terwyl die prys nie laer as R95/kg en nie hoër as R111/kg behoort te wees nie. Let op dat die skerp styging in die prys in die afgelope twee weke, die voorspelde prys van Junie kan beïnvloed en die prys meer na die boonste grens van die voorspelde prys toe kan neig.





*Verslag saamgestel deur die Departement: Landbou-Ekonomie aan die Universiteit van die Vrystaat en moontlik gemaak deur die rooivleis statutêre heffing.*

***Bronne:** Karkaspryse verkry van die Rooivleisabattoirvereniging (RVAV) en speendierpryse van Agri Mark Tendense (AMT).*


RPO